

## Sing vooraf staande: Psalm 118:8

-8-

Gods regterhand is hoog verhewe,  
sy regterhand is groot van daad;  
dit laat van skrik die wêreld bewe,  
maar hef sy volk uit lyde en smaad.  
Ek sal nie kwyn in slawebande  
wat my ter dood toe wil omknel;  
ek sal nie sterf deur vyandshande,  
maar al Gods werke bly vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 66:1

-1-

Juig, aarde, juig met blye galme,  
laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme,  
en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke,  
geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke  
en buig hom kruipend voor sy mag.

## Gebed

## Psalm 36:3

-3-

Van al wat leef, is U die bron;  
van alle lig, die ewege son  
wat afstraal in ons oë.  
HEER, laat u reg en goedheid wees  
oor wie opreg u ken en vrees  
en steun op u vermoë:  
laat trotse voet my nooit vertrap,  
nòg bese hand in ballingskap  
my dwing om rond te swerwe!  
Daar val die werkers van die kwaad  
vir altyd in 'n jammerstaat  
waarin hul magt'loos sterwe.

## Skriflesing: Romeine 7

Teks: Romeine 7:7; Kategismus Sondag 23

**Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook  
die begeerlikheid nie geken het as die wet nie gesê het: jy mag nie begeer  
nie.**

Ken jy jou ellende? Weet jy regtig hoe ellendig is jou lewe? En as jy weet, hoe weet jy  
dit?

Die Bybel sê hier dat ons uit die wet weet hoe ellendig ons lewe is.

- Maar vir die Jode wat in Rome gebly het, was hierdie antwoord nie bevredigend nie.
- Hulle het die saak reg van die ander kant af gesien.

Vir hulle was die wet die ding wat jou verlos het.

- Hulle het geglo dat hulle hulle eie saligheid kan uitwerk as hulle alles doen wat in die wet geskrywe is.
- Hulle het dit as hulle voorreg beskou om hiermee te loop en spog!
- Hulle het die wet gesien as iets wat hulle kon gebruik om hulle aansien voor die mense op te blaas.

Toe laat die Here Paulus 'n brief skryf wat presies die teenoorgestelde leer!

Hy skryf:

**Uit die werke van die wet sal geen vlees voor God geregverdig word nie, want deur die wet is die kennis van die sonde!** Romeine 3 : 20

Ons word deur die wet by die Here beskuldig.

- Die wet toon aan dat daar absoluut niks is waaroor ons kan roem nie.
- Alle mense word deur die wet skuldig gestel voor die Here, want dit toon jou sondes so duidelik aan dat jy nie aan 'n illusie kan ly dat jy op grond van jou wonderlike lewe God se oordeel sal kan vryspring nie.

Die Wet (Tien Gebooie) sê presies wat die Here alles van ons verwag - en ons het tog genoeg gesonde verstand om te weet dat dit presies alles is wat ons nie kan doen nie – as ons eerlik is met onself.

Geen mens kan dus die wet gebruik om homself te regverdig nie, omdat die wet ons juis beskuldig.

- As ons na die wet luister, dan behoort ons elke keer te hoor hoe ons al verval het onder die leiding en bedrog van die satan.
- Daarom bely ons dat die wet die kenbron van ons ellendes is.

Die wet leer ons onder andere hierdie drie dinge:

- 1. Dit laat ons beseft dat ons bestemming was voor die sondeval.**
- 2. Dit laat ons die ernstige verpligtinge beseft dat die wet nou op ons lê.**
- 3. Dit leer ons dat ons sondes en ellendes baie groter is as wat ons wil beseft.**

### **1. Die bestemming van die mens**

Die Here Jesus gee 'n verklaring van die Tien Gebooie, en dan vat Hy alles saam:

- Jy moet die Here jou God liefhê.
- Jy moet jou naaste liefhê.

Met ander woorde: Jy moet God voluit verheerlik.

Dis waarom die Here mense gemaak het.

- Hy het vir ons 'n volmaakte liefdeslewe met Hom beplan, waarin ons ook in liefde met ons naaste kon lewe en dan sou ons almal saam die Here kon prys tot in ewigheid.
- Al ons gehoorsaamheid en spontane liefdeslewe met mekaar sou juis tot sy eer gewees het.

Ons werk sou 'n plesier gewees het, want die aarde en ons oeste sou in liefde en gehoorsaamheid aan God en aan ons vrugte gegee het tot oorfloed toe.

- Omdat God se liefde oor ons volmaak is, sou ons geen gebrek hê nie.
- Ons sou in 'n wêreld gelewe het waarin daar geen traan gehuil is nie.

- Die hele skepping en alles wat ons toekoms raak, was dus berei om ons in liefde te ontvang en te onderhou.

As u nou oplet, dan blyk dit dat die Tien Gebooe bloot die hele liefdesopset wil herstel:

- Die eerste gebooe gaan oor liefde vir ons Skepper, ons aanbidding en die Sabbatdag.
- Die daarna gaan oor liefde vir ons owerhede en ons naaste.
  - Die naasteliefde moet so groot wees, dat ons bereid sal wees om hom nie te besteel nie, en om hom ook nie dood te maak nie; ook nie te beskinder nie of sy huwelik opbreek nie.
  - Uit liefde vir my naaste en alles wat aan hom behoort, moet ons dan ook ons begeertes beperk.

Maar nou sit ons met die situasie dat ons alles verloor het, omdat ons nie reg liefgehad het nie!

- Ons was ongehoorsaam aan God.
- Om gehoorsaam te wees, beteken bloot om liefde te bewys – en in hierdie geval het ons liefde vir duiwel gegaan.

So het dit gebeur dat ons ons bestemming misgeloop het.

- Daarom sit ons ook met die gevolge: ons lus om ons by die wil van God te hou, is verlore.
- Ons vermoë om sonder sonde te lewe, is daarmee heen. Al wat oorbly, is ons en die sondes wat saamgehoek is.

## **2. Die verpligting wat die wet op ons lê**

Ons het elke dag te doen met wette.

- Letterlik elke ding op ons aarde is aan wette onderwerp.
- Selfs die diere en planteryk, en selfs ons wetenskap!

Maar die mens kry die meeste met die Wet te doen, want hy kry iets by om te gehoorsaam.

- Die Here gee vir ons die wet – die Tien Gebooe – by.
- Daarom lê hierdie wet van die Here so 'n geweldige swaar verpligting op ons.
- Ons is nie maar net aan onself oorgelaat om al verder in die sondemoeras in te dwaal totdat ons eendag in ons eie ellendes verstik nie.

Hierdie Tien Gebooe is veronderstel om ons weer na ons bestemming toe terug te bring, wanneer ons aan hierdie wet gehoorsaam is.

- U sien, die wet is nie 'n verskrikmiddel nie, dis 'n liefdesmiddel.
- Daarom behoort ons nie altyd op te sien teen alles wat God van ons vra nie - ons moet met blydskap voldoen aan die verpligtinge wat die wet op ons lê, want dit bewerk weer bloot die gehoorsaamheid wat ons verloor het.

Dit is ook nie moeilik om te verstaan waarom die mens dit moeiliker het as die ander skepsele nie.

- Die mens dra God se beeld.
- Dit beteken dat hy die vermoëns van kennis, geregtigheid en heiligheid besit, wat die ander skepsele nie het nie.

Daarom is daar aan hom 'n hoër eis: Hy moet aan die geestelike wette van God voldoen.

- Al die wette het 'n geestelike eis.

- Die gehoorsaamheid van die mens aan die wet verhef hom of tot in die hemel, of stort hom in die hel.

Eers was ons vrywillig gehoorsaam aan die wet.

- Ons was ook so goed geskape dat ons maklik die wet kon uitvoer - trouens, Adam en Eva het spontaan alles reg gedoen. Hulle het nie nodig gehad om eers te probeer onthou wat die wet elke keer sê nie.
- Maar nou het die sondeval hierdie toestand nek omgedraai - van spontane gehoorsaamheid is daar nou glad nie meer sprake nie.

Daarom is die wet so ernstig met ons.

- Daar is 'n element van dwang by die wet.
- Die hele wet is net vol bevele:
  - Jy **mag nie** ander gode hê nie.
  - Jy **mag nie** doodslaan nie.
  - Jy **moet** werk en al jou werk doen.
  - Moete en moenies.

Dis nie al nie. Daar is nog 'n rede waarom die wet 'n saak van groot erns is.

- Die Here vra volkome gehoorsaamheid: 100% volmaakte gehoorsaamheid.
- Sy wil moet heeltemal gedoen word, en nie half-en-half nie.

*Ons mag ook nie ons wette en God se wette deurmekaar maak nie. Dis die soort van ding wat ons vandag mos doen. Ons probeer alles net half reg doen, sodat ons almal tevrede stel.*

### **3. Wanneer ons nou al hierdie dinge bepeins en ons is nugter en eerlik, dan besef ons dat ons ellendes baie groter is as wat ons graag wil besef.**

Die Kategismus vra: Kan jy dit alles – die wet – ten volle onderhou?

Die antwoord is maar 'n taamlik verslae antwoord: *Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat!*

Dit is al erg dat ons teen God sondig, maar nou moet ons besef dat ons die toestand elke dag erger maak. Daar staan in Efesiërs 2:3:

**Ons is van nature kinders van die toorn.**

Die sonde is nou al so deel van ons dat ons dit al oorerf soos wat ons ons liggaamseienskappe oorerf. Dit staan ook in die wet:

**Ek straf tot in die derde en die vierde geslag van die wat My haat!**

Dit maak dat daar nou 'n teenstrydigheid in ons is:

- Ons is deur God geskape om lief te hê, maar ons word deur die duiwel gelei om te haat.
- Ons maak soms asof die Here ons moet dien. Ons maak van God die bediende van my lewenskombuis.
  - Ek is nooit te siek om te werk nie, maar ek is te siek om kerk toe te gaan.
  - Ek is te arm vir behoorlike kerklike bydrae, maar ons het oorgenoeg geld om gereeld te drink en allerhande spandabelrighede te koop.

Ons moet ook eerlik wees in ons prediking. Al hierdie dinge is maar net die een kant van die saak.

- Die wet is nie die laksman wat net heeldag die vonnis oor my loop en voltrek nie.
- Die wet van die Here is ook 'n reël van dankbaarheid.

Die Here Jesus Christus het hierdie wet kom onderhou.

- Dit was vir Hom net so swaar as vir enige een van ons, want die Here Jesus Christus was ook 'n mens.
- Hy het 'n lewe van spanning geleef waarin Hy geen enkele sonde gedoen het nie, sodat Hy ons van die doodstraf kan bevry.
  - Hy moes sy volmaakte lewe afrond met 'n vloekdood, omdat my en jou sondes – wetsoortredinge – Hom aan die toorn van God uitgelewer het.
  - Al die straf en toorn van God wat elkeen van ons toekom, is meteens op Hom uitgestort, sodat ons dit nie hoef te ondergaan nie.

Maar dit gee ons nie die vrymoedigheid om die wet te oortree soveel soos ons kan nie.

- Want as ek nou die wet lees, dan kom ek onder die indruk van die grootheid van God se genade.
- Nou rus daar die verantwoordelikheid op ons om 'n dankbaarheidslewe te lei.

Laat ons dit dan doen, want daar is hoop vir almal van ons.

- By die Here is daar nie 'n Evangelie wat leer dat ons net gestraf gaan word nie.
- Dis 'n Evangelie van verlossing.

Kom ons lees saam wat ons belydenis van hierdie dinge leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 23:

**Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?**

**Antwoord:** *Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).*

*(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.*

**Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?**

**Antwoord:** *Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.*

*(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18.*

**Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?**

**Antwoord:** *Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).*

*(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.*

**Amen.**

## Slotgebed

### Slotpsalm 31:17

-17-

Geloofd sy God vir sy genade,  
so wonderbaar en groot  
aan my, sy gunsgeenoot.  
Sy oog slaan my in liefde gade;  
Hy lei my na 'n veste  
in veiliger geweste.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 15 September 2013